

Die Status van Afrikaans as 'n Inheemse Suid-Afrikaanse Taal

(Dokument saamgestel deur PanSAT se Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans)

1. Inleiding

Die status van Afrikaans as 'n inheemse Suid-Afrikaanse taal is al lank 'n omstrede saak, nie net in die Afrikaanse spraakgemeenskap nie, maar ook in die breër Suid-Afrikaanse spraakgemeenskap. Sedert sy ontstaan word Afrikaans afgerem deur verskeie negatiewe konnotasies, soos “koloniale taal”, “taal van die onderdrukker” en “witmanstaal”. Soos in die geval van vele tale met 'n koloniale geskiedenis, selfs Engels, het Afrikaans inderdaad 'n donker verlede deurdat dit tydens apartheid as 'n instrument van onderdrukking gebruik is. Hierdie verlede is egter net een deel van die geskiedenis van Afrikaans. In hierdie dokument wil ons 'n ander, ofskoon minder bekende geskiedenis van Afrikaans laat sien, naamlik die geskiedenis van Afrikaans as 'n inheemse Suid-Afrikaanse taal. Hierdie geskiedenis loop parallel met die taal se algemeen bekende geskiedenis waarin die inheemse aard van Afrikaans dikwels doelbewus onderdruk is.

2. Die klassifikasie van Afrikaans

In sy artikel getiteld *Die klassifikasie van Afrikaans* wys Kotzé (2018) daarop dat Afrikaans op verskeie maniere geklassifiseer kan word afhangende van die beskrywende raamwerk wat gebruik word. Genealogies gesien kan Afrikaans as 'n Indo-Germaanse taal geklassifiseer word weens sy historiese verbintenis met Nederlands. Volgens Kotzé (2018) is só 'n klassifikasie egter 'n oorvereenvoudiging van die Afrikaanse taalsituasie aangesien dit nie die taalkontaksituasie in ag neem waarin Afrikaans ontstaan het en vandag steeds funksioneer nie. Dit is nietemin veral die siening van Afrikaans as 'n “dogtertaal” van Nederlands wat oorbeklemtoon is gedurende apartheid.

3. Die apartheidsmite

Afrikaans is reeds aan die einde van die negentiende eeu tydens die nasionalistiese ontwaking van wit Afrikaners gemobiliseer, maar dit was eers ná die Suid-Afrikaanse Oorlog (vroeër veral as die Anglo-Boereoorlog bekend), wat van 1899 tot 1902 geduur het, dat Afrikaans al hoe meer simbool geword het van die wit Afrikaners se stryd om erkenning as 'n nasie. Die ideologie van Afrikanernasionalisme, 'n rassistiese nasionalistiese beweging, was nou verweef met 'n Afrikaanse taalbeweging wat Afrikaans as die taal van die Afrikaner wou toeëien (cf. Webb & Kriel 2000:21-22; McCormick 2006:98-103). Hoewel ongeveer vyftig persent van die inheemse Afrikaanssprekende bevolking bruin mense was, is die variëteit van Afrikaans wat gekies is om as basis vir Standaardafrikaans te dien, meestal deur wit sprekers gepraat (Webb & Kriel 2000:22; McCormick 2006:92, 96). Terselfdertyd is die taalvariëteite wat die meeste deur bruin sprekers van Afrikaans gepraat is, gestigmatiseer. Taalhistorici het die rol van Nederlands in die ontstaan van Afrikaans oorbeklemtoon terwyl die rol van taalkontak met bruin gemeenskappe geringskat is; woordeboeke is uit 'n eksklusiewe "wit perspektief" saamgestel; en taalondersoek is meestal op Standaardafrikaans toegespits (Webb & Kriel 2000:22-23). Standaardafrikaans is gebruik om die hegemonie van die wit moedertaalsprekers van Afrikaans te handhaaf deur wat Myers-Scotton (1990) elite-uitsluiting¹ noem, 'n proses waardeur die standaardvariëteit as 'n filter gebruik word om uit te sluit en te marginaliseer (Chick & Wade 1997:272). Die eksklusiefmaak van Afrikaans het skeuring gebring tussen formele Standaardafrikaans en sy ander variëteite en taalinterne spanning veroorsaak wat opvoedkundige, ekonomiese, kulturele en politieke skade berokken het aan veral die bruin sprekers van Afrikaans (Webb & Kriel 2000:23). Dit het uiteindelik daartoe gelei dat baie bruin sprekers van Afrikaans eerder Engels as Afrikaans as eerste taal verkies het (Webb 2010:113; cf. Anthonissen 2009). Vir hierdie sprekers van Afrikaans het die standaardtaal 'n simbool van arrogansie en wreedheid geword (Webb 2010:112).

4. Die ander storie van Afrikaans

¹ Elite-uitsluiting is 'n strategie wat die sosiopolitieke elite gebruik om toegang tot sosio-ekonomiese mobiliteit en politieke mag te beperk vir mense wat nie die dominante taalvariëteit magtig is nie – deur die daarstelling van bepaalde taalvoorvereistes handhaaf die elite sy eie mag en bevoorregting (Myers-Scotton 1990:25, 27).

Sonn (2016) beklemtoon die dubbelsinnigheid van die geskiedenis van Afrikaans deur na die posisie van die bruin sprekers van Afrikaans te verwys: aan die een kant praat hulle die taal van die onderdrukker, maar hulle is self in dié taal onderdruk. Sonn (2016) voer aan dit is daarom belangrik om daarop te let dat Afrikaans nie net die taal van apartheid is nie, maar ook die taal van die stryd om vryheid en versoening.

In dié verband verwys Titus (2016) na die rol van die bruin mense van die Genadendal Drukkers wat koloniale onderdrukking weerstaan het deur in 1816 weg te breek van Nederlands. Só 'n wegbeweeg van Nederlands sou eers 60 jaar later onder wit Afrikaanssprekendes plaasvind, byvoorbeeld met die poging in 1875 van die Genootskap van Regte Afrikaners om die Bybel in Afrikaans te vertaal.

Daar was ook sigbare weerstand teen koloniale onderdrukking by die Afrikaanse Moesliemgemeenskap. Van 1862 af stig Abu Bakr Effendi en sy seuns Moesliem-teologiese skole in die Kaap, Kimberley en Port Elizabeth (nou Gqeberha), waarby die onderrigmedium Afrikaans was (Molteno 1984:52). Lank voordat die Afrikaners eers daaraan gedink het om in Afrikaans te skryf, het die Moesliemgemeenskap al verskeie tekste in Arabiese skrif gepubliseer (cf. Davids 2011). Die sogenaamde Ghoemaliedjies wat deur die Kaaps-Maleise slawe en hul nageslagte gesing is, eers in Maleis-Portugees, toe in Maleis-Nederlands en later in Afrikaans, kan as satiriese opposisie teen kolonialisme beskou word. Gedurende apartheid is weerstand teen onderdrukking voortgesit in Afrikaans, veral by die Universiteit van die Wes-Kaap se Afrikaansdepartement, wat in die sewentiger- en tagtigerjare een van die grootste departemente van sy soort was (Winberg 1992:132). Hierdie voorbeelde beklemtoon die status van Afrikaans as 'n taal van weerstand teen apartheid en as strydtaal.

Hoewel ons sosiopolitieke geskiedenis dikwels Afrikaans as die taal van rassiste, onderdrukkers en nasionaliste wil uitbeeld, het die taal ook 'n geskiedenis van aktivisme teen die imperialisme, die kolonialisme en apartheid. Daarom is dit belangrik om die hele storie van Afrikaans in ag te neem wanneer Afrikaans se status as 'n inheemse Suid-Afrikaanse taal oorweeg word.

5. Die hele storie van Afrikaans

Die waarheid omtrent Afrikaans wat tydens apartheid gerieflikheidshalwe dikwels versteek is, is dat dit die produk is van wat Davids (1994) "akkulturasie" noem. Volgens Davids (1994:113) is akkulturasie 'n fenomeen wat homself manifesteer wanneer groepe of individue van verskillende kulturele groepe deurlopend in direkte kontak met mekaar verkeer, en dít daartoe lei dat die oorspronklike kulturele patrone van die betrokke groepe verander. By die nedersetting aan die Kaap het die plaaslike kulture van die Khoi-Khoen en die Sanmense en die buitelandse kulture van die Nederlandse koloniste, Duitsers, Franse en ingevoerde slawe van verskillende dele van Suidoos-Asië en die ooskus van Afrika tegelyk in 'n kollektiewe samelewing bestaan (Davids 1994:113). Hierdie etniese vermenging en sosiale kontak het 'n belangrike rol gespeel in die ontstaan van Afrikaans (Davids 1994:110).

Vandag word dit algemeen onder Afrikaanse historiese linguïste aanvaar dat Afrikaans teen die begin van die negentiende eeu gevestig was as die produk van die gekreoliseerde Nederlands van die vry swartes, slawe en laer klasse aan die Kaap, sowel as dié van die Boere, slawe en Khoi-Khoen in die binneland van Suid-Afrika. Hierdie gekreoliseerde Nederlands het ontwikkel uit die maatskaplike verhoudings tussen die slawe en hul base, tussen koloniste en vry swartes, onder slawe, en tussen die Khoi-Khoen en die koloniste gedurende die sewentiende en agtiende eeu (Davids 1994:113). Maar omdat Afrikaans in die apartheidjare nie gesien kon word as die produk van rassevermenging nie, het wit Afrikanertaalhistorici die kreoolse oorsprong van Afrikaans verdoesel ten einde sy Europese afkoms te beklemtoon. Die oorsprong van Afrikaans is in sy Europese geskiedenis gesoek, as sou dit 'n spontane ontwikkeling uit sewentiende-eeuse Nederlands wees, terwyl die herkenning van die bydrae wat bruin sprekers gemaak het, terselfdertyd tot 'n minimum beperk is (Davids 1994:112).

Hoewel die kernwoordeskat van Afrikaans aan Nederlands ontleen is, kan daar reeds teen 1671 verandering aan die gesproke Nederlands aan die Kaap bespeur word (Davids 1994:112, 114). Die impak van 'n verskeidenheid tale op Nederlands is nie net tot 'n paar leksikale items beperk nie. Ook die grammatika en fonologie is in 'n mate beïnvloed deur die Maleis-Polinesies van die slawe en die tale van die Khoi-Khoen en die San waarmee Nederlandse koloniste aan die Kaap in kontak gekom

het (Davids 1994:112, 118). Hierdie tale het, in die woorde van Davids (1994:118), die siel van die Nederlands aan die Kaap verander deur vreemde elemente by die leksikon, fonologie, sowel as die grammatika in te voer. Hierdie elemente het die Kaapse Nederlands in Afrikaans verander – 'n verandering wat nie in Europa plaasgevind nie, maar in die veeltalige gemeenskap wat gedurende die eerste eeu van wit nedersetting aan die Kaap ontstaan het (Davids 1994:118). Volgens Davids (1994:112) is dit akkulturasie wat Afrikaans in Afrika laat wortelskiet het. Davids (1994:116) is selfs van mening dat sonder die linguistiese akkulturasie wat aan die Kaap plaasgevind het weens die uiteenlopendheid van die slawe se herkoms en die tale wat hulle gepraat het, Afrikaans nie tot stand sou gekom het nie.

Vanuit hierdie kreolistiese oogpunt het Afrikaans sy ontstaan gehad in 'n taalkontaksituasie waarin sprekers van sowel verwante as onverwante tale hul merk op die taal gemaak het wat uiteindelik Afrikaans sou word (Kotzé 2018). Ook volgens 'n geopolitieke uitgangspunt is Afrikaans 'n inheemse Afrikataal wat in Afrika ontstaan en ontwikkel het en is dit die enigste taal wat die naam van dié vasteland weerspieël (Kotzé 2018).

6. Slotgedagtes

Hoewel die NTLA Afrikaans as 'n inheemse taal beskou, is ons gekant teen enige poging deur enige organisasie om dié status van Afrikaans as 'n skuiwergat te gebruik om die invoer van ander inheemse tale as addisionele tale in skole te vermy of teen te staan. As 'n liggaam van PanSAT, wat daarna streef om veeltaligheid te bevorder, glo ons dat individuele veeltaligheid in 'n veeltalige land soos Suid-Afrika 'n bate is, en as sodanig steun ons die invoer van addisionele inheemse tale in die skoolleerplan ten volle. In die lig van Afrikaans se ryk veeltalige geskiedenis wil ons graag sien dat dié inheemse taal saam met ander inheemse Suid-Afrikaanse tale gebruik word – nie in opposisie tot hulle nie – om daardeur 'n waarlik veeltalige omgewing te verseker waarin sprekers van Afrikaans as bydraende lede van die Suid-Afrikaanse samelewing kan floreer.

Bronne:

Anthonissen, C. 2009. Bilingualism and language shift in Western Cape communities. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS*, 38:1-23.

Chick, J.K. & Wade, R. 1997. Restandardisation in the direction of a new English: Implications for access and equity. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 18(4):271-284.

Davids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims*. Pretoria: Protea Book House.

Davids, A. 1994. Afrikaans – die produk van akkulturasie. In Olivier, G. & Coetzee, A. (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Southern Boekuitgewers. 110-119.

Jansen, E. 2017. Afrikaans: A language on the move. In Gosselink, M., Holtrop, M. & Ross, R. (reds.). *Good Hope: South Africa and the Netherlands from 1600*. Rijksmuseum: Vantilt Publishers. 335-343.

Kotzé, E. 2018. Die klassifikasie van Afrikaans. *LitNet*. Aanlyn beskikbaar: <https://www.litnet.co.za/die-klassifikasie-van-afrikaans/> (Besoek: 2021, 18 April).

McCormick, K. 2006. Afrikaans as a lingua franca in South Africa: The politics of change. *International Journal of the Sociology of Language*, 177:91-109.

Molteno, F. 1984. The historical foundations of the schooling of black South Africans. In Kallaway, P. (red.). *Apartheid and education: Education of black South Africans*. Johannesburg: Ravan Press. 45-107.

Myers-Scotton, C. 1990. Elite closure as boundary maintenance: The case of Africa. In Weinstein, B. (red.). *Language policy and political development*. Norwood, New Jersey: Ablex. 25-42.

Sonn, F. 2016. Voorwoord. In Carstens, W.A.M. & Le Cordeur, M. (reds.). *Ons kom van vêr: Bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Tiger Valley: Naledi.

Titus, D. 2016. Afrikaanse boek van bruin kant? Taal en identiteit op die Afrikaanse werf. In Carstens, W.A.M. & Le Cordeur, M. (reds.). *Ons kom van vêr: Bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Tiger Valley: Naledi.

Van Coller, H. & Steyn, J. 2005. Taal en taalaktiwisme in 'n tyd van transformasie. *Stilet*, 17(3):66-90.

Webb, V. 2010. Constructing an inclusive speech community from two mutually excluding ones: The third Afrikaans language movement. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(1):106-120.

Webb, V. & Kriel, M. 2000. Afrikaans and Afrikaner nationalism. *International Journal of the Sociology of Language*, 144:19-49.

Winberg, C. 1992. Satire, slavery and the ghoemaliedjies of the Cape Muslims. *New Contrast*, 19(4):78-96.

Bykomende bronne:

Carstens, W.A.M. & Raidt, E.H. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 2. Pretoria: Protea Boekhuis.

Carstens, W.A.M. & Raidt, E.H. 2017. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal*. Deel 1. Pretoria: Protea Boekhuis.

Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang Verlag.

Van Rensburg, C. 2018. *Finding Afrikaans*. Pretoria: LAPA Publishers.

Van Rensburg, C. 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA Publishers.

